# Die

# Eendjienuus

Uitgawe 8: 6 Maart 2026




## Belangrike inligting:


Datums Bl. 3

Toetsrooster Bl. 7

Kermis nuwe datum Bl. 8



# Uit die kantoor

- Oranje Primêr het verlede naweek die 23ste Engen Noordstad Amanda Coetzer tennistoernooi vir laerskole aangebied. Oranje se A-span behaal 'n eerste plek en die B-span behaal 'n vyfde plek. Veels geluk aan die twee spanne, mnr Heinrich Willemse (afrigter) en me. Margarete Swart (spanbestuurder). Oranje is trots op elke dogter wat skitterende tennis gespeel het. Baie dankie aan ons hoofborg, Engin Northridge by Piek Group of Company, en ons ander borge: Itec, Santam en McDonald's. Dankie ook aan die Universiteit van die Vrystaat en Panarottis vir hulle betrokkenheid en ondersteuning tydens die toernooi. Baie dankie aan me. Rochelle Coetzer (bemarker) en me. Chandriné Jones (sportorganiseerder) en die komitee vir al die harde werk en reëlings om die toernooi te organiseer. Baie dankie aan mev. Danni Liebenberg en die graad 5-ouerkomitee vir al julle hulp met die versiering en dek van tafels en die blomme vir die opening en die dinee.
- Baie geluk aan ons atlete wat puik presteer het tydens die Suid-Vrystaat atletiekkampioenskap. Oranje is baie trots op julle! Ses en dertig atlete is ingesluit in die Suid-Vrystaatspan wat Saterdag aan die Vrystaatkampioenskap in Sasolburg gaan deelneem. Baie sterkte!
- Die redenaarskompetisie het Maandag en Dinsdag plaasgevind. Baie geluk aan elke dogter wat haar sê gesê het. Oranje is trots op julle! Uitslae op bladsy 7.
- Baie geluk aan die drie dogters wat in Vrystaatskoleswemspan ingesluit is. Hulle gaan vanaf 23 tot 27 April aan die Suid-Afrikaanse skole swemkampioenskap in die Kaap deelneem. Oranje is trots op julle!
- Baie geluk aan die dogters wat ingesluit is in die Suid-Vrystaat o.12- en o.13-hokkiespanne.
- Die o. 12- en o.13-netbalspanne gaan volgende Donderdag aan Willem Postma se Netbalaandliga deelneem. Sterkte vir al die wedstryde. Geniet dit!
- Die toetsweek vir graad 4-7 begin op Maandag, 9 Maart. Die akademiese program gaan normaal voort na die toetsweek.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 6 Maart: | Voedselprojek Gr. 4B |
| 7 Maart: | Juf. Anita verjaar<br>Atletiek: Vrystaatbyeenkoms in Sasolburg |
| 9 Maart: | IF Toetsweek |
| 10 Maart: | Voedselprojek Gr. 4C<br>IF Toetsweek |
| 11 Maart: | IF Toetsweek |
| 12 Maart: | Juf. Marina Coetzer verjaar (middagstudie)<br>Voedselprojek Gr. 3A<br>Musiek: Pousekonsert IF<br>IF Toetsweek<br>Netbal: Willem Postma middag-/aandliga o. 12A-D, o. 13A-D |
| 14 Maart: | Tannie Nicolette verjaar |
| 16 Maart: | IF Toetsweek |
| 17 Maart: | Voedselprojek Gr. 3B<br>IF Toetsweek<br>Jaarbladfoto's 09:00 - 13:00<br>Konsertoudisies Gr. 6 en 7, 16:30 in personeelkamer |
| 18 Maart: | Buitemuurs staak behalwe toerspanne<br>Konsertoudisies Gr. 6 en 7, 16:30 in personeelkamer |
| 19 Maart: | Voedselprojek Gr. 3C<br>Kermis<br>Atletiek: SA's Wes-Kaap<br>Konsertoudisies Gr. 6 en 7, 16:30 in personeelkamer |
| 20 Maart: | Tweekamp: SAKampioenskap Oudtshoorn<br>Atletiek: SA's Wes-Kaap |
| 21 Maart: | Menseregtedag<br>Juff. Mariska en Monya verjaar<br>Graad 1-netbaldag by Fichardtpark<br>Tweekamp: SA Kampioenskap Oudtshoorn<br>Atletiek: SA's Wes-Kaap |




# Atletiek

Die volgende dogters het op 27 Februarie aan die Motheo/ Xhariep byeenkoms deelgeneem en soos volg presteer:

| | | |
|---|---|---|
| **o. 8** | | |
| Ivané Tulleken: | 60m | 3de |
| | 80m | 2de |
| Debi van Biljon: | 60m | 6de |
| | 80m | 3de |
| Milan van der Walt: | 80m | 5de |
| **o. 9** | | |
| Mila van Zyl: | 60m | 1ste |
| | 80m | 1ste |
| **o. 10** | | |
| Lenike van den Berg: | 1200m | 2de |
| Miané Wessels: | 80m | 1ste |
| | 100m | 1ste |
| Miné Zwiegelaar: | 80m | 2de |
| | 100m | 3de |
| | 70m Hekkies | 1ste |
| Catie Botha: | Verspring | 2de |
| | Hoogspring | 1ste |
| Emma Odendaal: | Verspring | 3de |
| Niéke du Plessis: | 70m Hekkies | 3de |
| Jordan de Witt: | Gewigstoot | 3de |
| Lené Jansen van Vuuren: | Verspring | 1ste |
| | Hoogspring | 3de |
| Mari du Plessis: | 70m Hekkies | 2de |
| | Hoogspring | 2de |
| Naomi Malan: | 1200m | 3de |
| **o. 11** | | |
| Elmaré Naudé: | 1200m | 1ste |
| Hannah Myburgh: | 80m | 4de |
| | Verspring | 4de |
| Lizé Husselmann: | Hoogspring | 1ste |
| | 70m Hekkies | 4de |
| Carli du Plessis: | 80m | 3de |
| | 100m | 3de |
| | Verspring | 1ste |
| Anri Liebenberg: | Gewigstoot | 4de |
| Lexi Schutte: | 70m Hekkies | 3de |
| | Hoogspring | 3de |
| Zani Strachan: | 70m Hekkies | 5de |
| **o. 12** | | |
| Anné Koortzen: | 150m | 2de |
| Liané Heckroodt: | Verspring | 3de |
| Mieke Naudé: | Verspring | 4de |
| Lea Cilliers: | 1200m | 1ste |
| Marlé Verster: | 100m | 6de |
| | 150m | 5de |
| Amé Jansen van Vuuren: | Gewigstoot | 3de |
| Lisa le Roux: | Gewigstoot | 4de |
| Kayla Strydom: | Hoogspring | 1ste |
| Danielle van Eeden: | Hoogspring | 3de |
| Katrien Robbertse: | Diskus | 1ste |
| Miane Momberg: | 75m Hekkies | 4de |
| Kaylyn Blair: | 150m | 6de |
| **o. 13** | | |
| Ella Myburgh: | 100m | 2de |
| | 200m | 2de |
| Lilamari de Villiers: | 800m | 4de |
| | 1500m | 3de |
| Annebel Fick: | 75m Hekkies | 1ste |
| | 200m Hekkies | 1ste |
| Almy Wessels: | 800m | 2de |
| Chloë Smith: | Hoogspring | 3de |
| Guliana Rudman: | Spiesgooi | 3de |
| | Diskus | 2de |
| | Gewigstoot | 1ste |
| Zea Vorster: | Hoogspring | 1ste |
| | 75m Hekkies | 3de |
| | 200m Hekkies | 2de |

Oranje verower ook al 7 ouderdomstrofees van die byeenkoms. Oranje wen al die ouderdoms-groepe vir meisies vir die byeenkoms asook die trofee vir die top 10 beste prestasies vir meisies by die byeenkoms. Ons is ongelooflik trots op al die atlete.

Baie geluk aan Guiliana Rudman wat die trofee wen vir die beste veldatleet van die byeenkoms.

# Sport

# Tennis

Oranje het, in samewerking met ons hoofborg Engen Noordstad by Piek Group of Companies, asook Itec, Santam, McDonald's, UFS en Panarottis, met trots die 23ste Amanda Coetzer Tennistoernooi aangebied.

Baie dankie aan elke borg vir julle ruim ondersteuning. Sonder julle sou hierdie spoggeleentheid nie moontlik wees nie. Die toernooi het vanaf Donderdag, 26 Februarie tot Saterdag, 28 Februarie plaasgevind en het tennis van uitstaande gehalte opgelewer!

1ste – Primêre Meisieskool Oranje A-span
2de – Laerskool Eikestad
3de – Laerskool Saamtrek
4de – Laerskool Pretoria-Oos
5de – Primêre Meisieskool Oranje B-span
6de – St. Mary's
7de – Laerskool De Hoop
8ste – Umhlali

Baie geluk aan elke span en elke dogter met julle uitstekende prestasies. Julle het ware sportgees en deursettingsvermoë gewys!



# Swem

Baie geluk aan ons volgende swemmers:

Carinke Wessels o.13
Lisa le Roux o.12
Kailah Nel o.12

Hierdie drie dogters is ingesluit in die Vrystaatskole swemspan. Hulle gaan die Vrystaat vanaf 23 tot 27 April verteenwoordig by die SA skole swemkampioenskap in Kaapstad. Baie geluk, ons is baie trots op julle!

Die volgende dogters het op 28 Februarie aan die level 1 gala deelgeneem en soos volg presteer:

| | | |
|---|---|---|
| Lyn-Mari Morrison: | 200m Vryslag | 1ste |
| | 100m Rugslag | 2de |
| | 50m Rugslag | 3de |
| | 50m Vlinderslag | 3de |
| | 100m Vryslag | 3de |
| | 50m Borsslag | 3de |
| Lily Erasmus: | 50m Vlinderslag | 2de |
| | 100m Vlinderslag | 1ste |
| | 50m Borsslag | 3de |
| | 100m Borsslag | 4de |
| | 50m Vryslag | 3de |
| | 100m Vryslag | 6de |
| | 200m Vryslag | 3de |
| | 50m Rugslag | 4de |
| | 100m Rugslag | 6de |
| | 200m Wisselslagaflos | 1ste |
| | 200m Vryslagaflos | 1ste |

Skye Futter het op 28 Februarie aan die level 0 gala deelgeneem en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| 50m Vryslag | 1ste |
| 50m Borslag | 1ste |
| 50m Rugslag | 5de |

# Hokkie

Die volgende dogters is vir die onderskeie Suid-Vrystaat hokkiespanne gekies.
Baie geluk, ons is saam met julle trots.

o.12A
Elizabeth Eksteen
Kaylyn Blair
Lila Myburgh
Melienke Hoek
Miane Momberg
Z'Ney Piechaczek

o.12B
Amy Grobbelaar
Ava Beukes
Ziani Els

o.13A
Almy Wessels
Annebel Fick
Ella Myburgh
Ella Smit
Johané Bam
Rize Rautenbach

o.13B
Elanè de Vos
Festa vd Berg

o.13C
Ruby Schutte
Emma Spamer
Lilamari de Villiers
Sophia Prinsloo

# Redenaars

Dit was op 2 en 3 Maart weer tyd vir Oranje se jaarlikse redenaarskompetisies. Daar was 46 eende wat hulle sê kom sê het en ons is baie trots op elkeen van hulle.

Baie geluk aan die Top 8 sprekers in elke kategorie, wat dan ook deurdring na die ATKV Redenaars op 17 en 18 April in Welkom.

| Graad 1-3 | Graad 4&5 | Graad 6&7 |
|---|---|---|
| Ana Serfontein | 1.Liesel Hardie | 1. Emma Jacobs |
| Debi van Biljon | 2.Miané Wessels | 2. Carinke Wessels |
| Lika Odendaal | 3.Louah Nel | 3. Z'ney Piechaczek |
| Mayah Holtzhauzen | 4.Milan Botha | 4. Jana Nel |
| Lari Loots | 5.Naomi Malan | 5. Dienie Hardie |
| Katelyn Kotzé | 5.Emma Odendaal | 6. Lea Cilliers |
| Lisa de Vos | 6.Amy-Lee Cairns | 7. Almy Wessels |
| Livia Wege-Garvie | 7.Mianique van Straten | 8. Lisah Pieterse |





## Maart Toetsweek

| Ma | Di | Wo | Do | Vry | Sa |
|---|---|---|---|---|---|
| 9<br>IF: Toetsweek<br>Gr. 4: SW (Aard)<br>Gr. 5: NWT<br>Gr. 6: SW (Gesk)<br>Gr. 7 Afikaans<br>Handboekkkontrole: registeronderwyser voor elke vak | 10<br>IF: Toetsweek<br>Gr. 4: Wiskunde<br>Gr. 5: Engels<br>Gr. 6: Afrikaans<br>Gr.7: Wiskunde | 11<br>IF: Toetsweek<br>Gr. 4: NWT<br>Gr. 5: SW (Aard)<br>Gr. 6: NWT<br>Gr. 7: EBW | 12<br>IF: Toetsweek<br>Gr. 4: Engels<br>Gr. 5: Afrikaans<br>Gr. 6: Wiskunde<br>Gr. 7: Engels | 13 | 14 |
| 16<br>IF: Toetsweek<br>Gr. 4: Afrikaans<br>Gr. 5: SW (Gesk)<br>Gr. 6 SW (Aard)<br>Gr. 7 NW | 17<br>IF: Toetsweek<br>Gr. 5: Wiskunde<br>Gr .6: Engels<br>Gr. 7: Tegnologie | 18 | 19 | 20 | 21<br>Menseregtedag |


LET WEL!
KERMIS
UITGESTEL!
Die Kermis van 6 Maart
VERSKUIF NA
DONDERDAG
19 MAART!
Weens reën op Vrydag
Ons sien julle DONDERDAG, 19 MAART by die Kermis!



# Gedagte vir die week

## Vind jou identiteit eerste in Hom

Eenkeer ry ek en vroulief met die Gautrein van Kempton Park af Sandton toe.
Toe ons daar afklim, hoor ek hoe 'n Engelse vrou, wat ons vroeër behoorlik
op en af gekyk het, vir haar vriendin sê: "Vandat die Gautrein op die Oos-Rand stop,
beland meer mense in Sandton as wat eintlik hier hoort!"
Ek moet sê sy het my dag gemaak.

Kort daarna moet ek iets in Australië gaan aanbied.
Na die tyd kom vra 'n "expat" toe vir my of ek ernstig was toe
ek opgemerk het ek bly in "a very insignificant part of South Africa
called Kempton Park." "Gaan jy regtig weer terug Kempton toe?"
het sy my verbaas gevra. Ons adres het ons blykbaar weggegee.

Die regte adres is vir vele mense 'n belangrike identiteitsmerker.
Ons as navolgers van Jesus se belangrikste identiteitsmerker is egter nie ons adres nie.
Ons vind on identiteit heel eerste in Hom. Dit beteken onder meer dat ons
heel eerste sy kruis dra en nie op soek is na trone en krone vir onsself nie.
En dat ons heel eerste dien en nie op die hande gedra wil word nie.
Ons roeping en ons voorreg is om die voorbeeld na te volg wat ons Here Jesus
vir ons gestel het. Hy is ons lewe. Ons leef eksklusief vir Hom.
Ons verheerlik Christus deur elke gedagte, elke emosie, elke woord, elke daad.

~ Stephan Joubert ~




# Advertensies